



NG Gemeente
Jeffreysbaai

NG Gemeente Jeffreysbaai
H/V Torchwood & Olienhoutstraat
Posbus 45 Jeffreysbaai 6330

Kantoor: tussen 09:00 & 13:00
0422962451

ngkjbaai@absamail.co.za
www.ngkjeffreys.co.za

“Julle moet nooit een
van hierdie kleintjies minag nie,
want Ek verseker julle
dat hulle engele in die hemel
gedurig by My Hemelse
Vader is.” Mt 18:10



NG Gemeente
Jeffreybaai

Doopkusus





Kenmekaar

Draai as pare na mekaar en deel kortliks met mekaar die volgende:

- Hoe lank is julle getroud?
- Beskryf die sterk punte van julle verhouding.
- Watter impak het hierdie baba op julle gesin tov bekommernisse en aanpassings?
- Vertel aan mekaar waar woon julle en waar het jul voor Jeffreys gebly.

KINDERS IN GOD SE Oë

1. Van watter stadium van 'n mens se lewe af werk God deur sy Gees in jou? Vgl. Ps.22:11; 139:13-16; Jer.1:5; Luk.1:15

2. Watter plek neem kinders in God se verbond in? Vgl. Gen.15, 17:7,10; Eks.20:5-6; Mat. 18:1-6; 19:13-15

3. Is 'n pasgebore baba sondeloos? Vgl Job 14:4; Ps.51:7; 58:4; Rom.3:12; Job.9:34.

4. Mag ek as ouer geestelik optree namens my onvolwasse kind? Vgl.Eks.4:24-26, 12:7,13; Jos.24:15b; Job 1:5; Mrk.7:24-30

5. Hoe funksioneer die doop in die eerste geloofsgemeenskappe? Hand.2:38-39; 8:36-39; 10:44-48; 16:14-15,32-33; 18:8.

6. Wat word van 'n klein babatjie wat onverwags sterf? 1 Kor.7: 14,16

7. Beskryf die betekenis van die doop aan die hand van die volgende tekste: Eks 12:22-23, 2 Kron.7:14; Mat.28:19; Kol.2:1 1,12; Eseg.36:25-27; Hebr.9:13-15, 22, Gal.3:26-27

8. Red die doop jou kind? OF gaan alle gedooptes hemel toe? Vgl. Luk.23:40-43; 1 Kor.7:14, 10:1-6.



Deur Jesus ingestel

1. Wat leer ons uit Jesus se doop?

2. Watter vereiste het Jesus vir die doop? Mat 28:19

3. Wat leer jul vanuit Handeling 15:1 e.v

4. Wat en wie op aarde, sal eendag getuig dat ek 'n kind van God is? (1 Joh 5)

5. En wie sal in die hemel getuig?

6. Lees Ef 2:8-10. Op grond waarvan word ons gered?

7. Hoe lyk die lewe van iemand wat deur die Gees beheer word? (Gal 5, Rom 12)

8. Hoe weet ek of die Heilige Gees in my woon? (1 Joh 4:2-6)

9. God, die Vader trek mense na Hom toe. As God my terugtrek van 'n verkeerde pad na Hom toe; hoe kan ek daardie geleentheid van terugkeer na God, herdenk, jaarliks vier, of 'n spesiale geleentheid van maak?





MY EIE GEESTELIKE LEWE

1. Skryf 'n paar redes neer waarom julle glo dat dit Bybels is om babas te doop.

2. Watter vereistes sou julle stel vir wie toegelaat mag word om hulle kinders ten doop te laat bring?

3. Is die indien van iemand se lidmaatskapsertifikaat genoeg rede vir toelating van ouers tot die kinderdoop?

4. Mag die kerk weier om in sekere omstandighede iemand se baba te doop? Motiveer jou antwoord.

5. Wat moet 'n mens doen om hel toe te gaan?

6. Wat moet 'n mens doen om hemel toe te gaan?

7. Kan 'n mens op aarde reeds 100% seker wees of jy hemel toe gaan? Ja/Nee - motiveer jou antwoord

6. Wat sal jy eendag voor die hemelpoort vir God sê waarom Hy jou die hemel moet laat inkom?

-man _____

-vrou _____

9. Moet 'n mens 'n dag en datum van bekering hê?

10. Wat presies behels bekering?

11. Waaraan sal jy 'n ware Christen kan herken?

12. Teen watter gevaar waarsku Matt. 7:2 1-23, 1 Job 3:1-3 en Op 3:15 en 1 6 & Eks 20 ons?

13. Is daar 'n kans om met God reg te maak na die dood?

Luk 16:19-31

14. Onderskei tussen die volgende:

- Historiese/kennis geloof: Jak2:19

- Saligmakende geloof: Ef. 2:8-9

15. Wat sê die volgende tekste oor geloofsekerheid?

- Op 3:19-20

- Job 5:12-13 • Joh 1:12

- Joh 3:36

- Jes43:1

- Fil 1:21-24,4:3

16. Waarom is dit belangrik om by 'n omgegroepte te skakel?

Vir bespreking tuis:

Watter raad sal jul die volgende persone gee.

Die egpaar twyfel of sekere dinge in hul lewe reg of verkeerd is. Hulle wil graag hul kindjie laat doop, maar soek ook na antwoorde oor reg en verkeerd, oor wat die kerk leer en wat die wêreld sê. Hulle is verder onseker oor sekere sake waarvoor die Bybel nie duidelike uitsluiting gee nie. Twyfel is die kernwoord.

Watter raad sal jul die volgende persoon gee?

Hy was van kleins af baie godsdienstig. Sy ouers het gereeld vir hulle huisgods diens gehou. Hy het die Bybel sistematies deurgelees en elke dag gebid. Hy het nooit groot sondes gedoen of onverskillig gelewe nie. Partykeer het hy getwyfel of God bestaan, maar ten spyte daarvan het hy besluit om vir 'n predikant te gaan studeer.

As student is hy vir die eerste maal gekonfronteer met die vraag of hy gereed is om hemel toe te gaan. Hy was onseker en het baie getwyfel. Watter raad sou julie op daardie stadium vir hom gee?

DIE BELOFTE VAN DIE DOOPOUERS

1. Wat gaan julle met die doop vir God belowe voor al die getuies?

2. Hoe gaan julle hierdie doopbelofte prakties uitvoer?

3. Verskillende ouderdomsgroepe het verskillende benaderings nodig. Hoe gaan jy jou kind help om nader aan God te kom?

• Vanaf geboorte tot 3 jaar

• Vanaf 3 tot 7 jaar

- Vanaf 7 tot 16 jaar

4. Watter rol kan die kerk speel om julle hiermee te help?

5. Watter betekenis het die water by die doop?

6. Waarom besprinkel ons babatjies?

7. "Die grootste geskenk aan ons kinders is 'n gelukkige, stabiele huwelik." Bespreek die stalling.

8. Dis jou begrafnis en jou kinders moet 'n huldeblyk oor jou lewer. Wat sal jy graag wil hê moet hulle van jou se?



Die Doopbelofte

Die vrae waarop jy antwoord om die verbond met God oor jou kind te sluit is die volgende:

Doopbelofte van ouers of getuies:

Geliefde/s in die Here Jesus Christus, u het gehoor dat die doop 'n verordening van God is om aan ons en ons kinders Sy verbond van genade te verseël.

Om te bevestig dat u die doop vir die doel en **nie uit gewoonte of bygelowigheid gebruik nie**, moet u op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste, bely u dat hoewel ons kinders **in sonde gebore** is, en daarom aan die verdoemenis onderworpe is, hulle **in Christus geheilig** is en daarom as lidmate van Sy gemeente gedoop behoort te word?

Ten tweede, bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en **volkome leer van die saligheid is?**

Ten derde, beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van wie u vader en moeder (of getuie) is, in die leer na die beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

" Doopafspraak met Leraar:

Datum: _____

Plek: Tyd: _____



Wat sê dié verhaal van onderstaande Skrif vir jul?

Gen 15
Eks 4
Eks 12 > Jos 4,5
Eks 20
Rigters
Konings
Profete
Psalms
Jesus > Luk 2 > Kruis, Mat 28, Hd 15 > Gal 3:29 > 1 Kor 7 > Gal 5 > Ef 2:8-10, 1 Jh 5
<http://www.catholic.com/tracts/early-teachings-on-infant-baptism>



